**PMW: WEEK 4**

**GRAAD 4 – Mev. E. van der Westhuizen**

**NOTA AAN LEERDERS:**

- Onthou om al jou werk netjies in jou skrif te plak/doen.
- Onthou, dit is nie nodig om die werk uit te druk nie, jy kan dit net volgens die regte nommers in jou boek skryf.
- Maak asseblief seker dat elke dag se datum en opskrifte geskryf word, voordat jy met die antwoorde begin.
- Lekker werk! Dink aan julle!

*********************

# WEEK 4: HOE WERK ONS SAAM IN 'N GROEP?



**DAG 1:**

**Lees bl. 72, 73 (**Moenie Aktiwiteit 2 en 3 doen nie**)**

Skryf TWEE paragrawe oor EEN van die volgende twee opsies.

1. Het dinge by jou huis verander vandat die inperking ("lockdown") begin het, soos byvoorbeeld, word daar nou meer takies uitgedeel wat lede van die huisgesin moet doen? Skryf 'n paragraaf waarin jy meer hiervan vertel en waar almal by die huis nou meer as 'n groep/huisgesin saamwerk.

   Is dit 'n goeie of slegte ding? Motiveer in 'n tweede paragraaf.

**OF**

2. Indien daar **nie** as 'n groep by die huis saamgewerk word **nie**, wie doen al die werk? Sou jy sê dit is beter of slegter om as 'n groep/huisgesin saam te werk? Vertel meer hiervan in jou eerste paragraaf.

   As JY al die werk ALLEEN MOES doen, hoe sou dit jou laat voel het? Vertel meer hiervan in jou tweede paragraaf.



XOXO♡

## DAG 2: Groepwerk - vervolg



Voer 'n onderhoud met jou ouers/voog en stel aan hulle die volgende vrae. Skryf hulle antwoorde neer sodat ons daarna kan kyk as ons weer terug by die skool is.

1. Gee een voorbeeld van waar ma/pa/voog in groepe werk by –

   - die huis
   - die werk

2. Dink ma/pa/voog dat daar enige voordele is om in 'n groep te werk? Ja/Nee? Motiveer.

4. Dink ma/pa/voog dat daar enige uitdagings is wanneer 'n mens in 'n groep werk? Ja/Nee? Motiveer.

5. Wat sou ma/pa/voog sê is die belangrikste aspek wanneer dit gaan oor groepwerk?

Baie dankie vir die

samewerking!





XOXO♡